Administratief:

Leraar:	E-pos	Kontak:
Ds. Izak Liebenberg	ilieb@absamail.co.za	083 407 7858
Wihan Rossouw (Jeugwerker)	w.rossouw2@gmail.com	073 489 1414

Bankbesonderhede:

Vir direkte inbetalings:
-NG Gemeente Meyerspark
-Absa Bank, Rek.-nr. 070 580 470
-Tak-nr. 632005
As verwysing: Voorletters en van

Kaartfasiliteite : Kerkkantoor
Kaartfasiliteite is in die kerkkantoor beskikbaar vir alle transaksies

Fasiliteiteverhuring:

Vir die verhuring van stoele, tafels en lokale, kontak: **Andries Joubert by 078 257 9783.**

Afkondigings / Advertensies:

Indien u graag 'n afkondiging of advertensie in die Basuin wil plaas: Kontak **René Steyn** by die kerkkantoor. Of e-pos die inhoud na ngmeyerspark@absamail.co.za

Hulpbronne:

Vir enige boeke/dvd's/cd's vir uitleen, besoek gerus ons mediasentrum in die sysaal.
Oop: Sondae : 10:00—11:00

Kerkkantoor:

Tel: 012 803 1531
Faks: 012 803 9289

E-posse:
(**René** : Administratiewe Beampte)
ngmeyerspark@absamail.co.za
(**Beryl** : Finansiële Beampte)
ngmeyersparkfin@absamail.co.za
Kantoorure:
Ma-Vr: 08:00– 13:00
So: 10:00–10:30
(gedurende skooltermyne)

Maak kontak:

Wil u graag… Meer inligting oor die gemeente bekom/ by 'n kleingroep inskakel/ 'n afspraak maak met 'n leraar/ vra vir voorbidding/ getuienis lewer/ terugvoer gee of 'n saak onder ons aandag bring? Vul asb. 'n kontakkaartjie in en plaas dit in die kollektesakkie.

Meyerspark buurtwag:

Web: Buurtwag.co.za
E-pos: admin@buurtwag.co.za

Besoek ons webblad by www.ngmeyerspark.co.za

Die Basuin

Christus is ons vrede… Toe Hy gekom het, het Hy die goeie boodskap van vrede gebring: vrede vir julle wat ver van God was, vrede ook vir dié wat naby was. *(Ef 2:14 en 17)*

Afkondigings vir Sondag 16 Februarie 2020

Vir vandag:

09:00 - **Nagmaal - Ds Izak Liebenberg**
09:00 - **Gesinsdiens - Nagmaal**
Wihan Rossouw (Ef 2:1-10)
Gebedsvoorlesing : Nog een keer
Deurkollekte : Sinodale Verpligtinge
10:00 - **Kategese : Tien Gebooie**
10:00 - **Belydenisklas *(Selfbeeld)***
10:00 - **Mediasentrum oop**
10:00-10:30 - **Kerkkantoor oop**

Welkom in Meyerspark
Die volgende lidmaat het met attestaat na ons gemeente oorgekom:
- **Frik Hansen** van Roosstr 225

Gelukwensinge:

Namens die leraars, kerkraad en gemeente, hartlik geluk aan:

Jack Smuts van Wilgers Aftreeoord 302, met die 91ste herdenking van sy geboortedag op 21 Februarie (082 775 8215)

Yvette Campher van Burkeastr 81B, met die 86ste herdenking van haar geboortedag op 22 Februarie (076 854 1896)

Gebedsgids:

*Vir versoeke vir voorbidding, skakel gerus **René Steyn** by die kerkkantoor **(012 803 1531)** of vul 'n kontakkaartjie in.*

Die volgende lidmate het voortdurend u voorbidding nodig:
Chris le Roux (083 946 5751)
Rika Roodt (083 236 4038)
Riekie Booyse (072 458 0244)
Timo Wassermann (072 264 0420)
Nils Anderson (012 803 2598)
Annette Serfontein (082 853 0415)

Bid asb vir:
Johan Pretorius wat herstel na 'n operasie (072 204 0696)
Jan van Zyl wat in Midstream Hospitaal is (082 073 1901)

Meegevoel:
Ons vra voorbidding vir Vic en Hannelie Marneweck. Vic se broer en sy verloofde is oorlede en die begrafnis is DV Vrydag, 21 Februarie, om 10:00, vanuit ons kerk

Huisgeloofteks
Lees gedurende die week as gesin saam Josua 6:1-27

Koop-'n-Bybel-Gee-'n-Bybel
Voor in die kerk/saal is 'n **Shona Bybel** gratis beskikbaar. Enigeen kan dit neem om vir iemand te gee wat nie 'n Bybel het nie.

Hierdie week:

Maandag 17 Februarie

17:30 - **Bybelstudie vir vroue.** Almal baie welkom. Skakel Hermien (076 895 8855)

18:00 - **Kerkraadsverg** *(Begroting)*

Dinsdag 18 Februarie

08:00 - **Personeelbyeenkoms**

09:30 - **Nagmaal by Wilgers Aftreeoord - Ds Louis Brittz**

18:30-20:00 - **Gebedsbyeenkoms** *(kerk)*

Woensdag 19 Februarie

07:00 - **Vroeë biduur** *(kerk)*

09:00 - **Ester Bybelstudie** by Greta Engelbrecht (012 803 0833)

09:00 - **Bybelstudie.** Almal welkom *(saal)* - **Prof Phil Botha 'n Reis deur die Psalms**

10:00 - **Senior Bediening in die saal.** *'n Telepelete? Kom ons wys julle.*

14:30 - **Bybelstudie by Willow Estate Ds Louis Brittz**

19:00 - **Verheerlik Bediening verg** *(konsistorie)*

Donderdag 20 Februarie

09:00 - **Vrouebybelstudie** *(sysaal)*

14:00 - **Naaldwerkklas**

15:00 - **Middagbyeenkoms by Wilgers Aftreeoord**

Sondag 23 Februarie

Eerste Lydensweek

09:00 - **Erediens - Wihan Rossouw**

Geen Gesinsdiens in die saal. Almal woon die diens in die kerk by

Onthou asseblief ons motorwagte

Afkondigings / Advertensies:

Wêreldbiddag

Vanjaar vier ons gemeente "Wêreldbiddag" op **19 April 2020**. Die Wêreldbiddae vir Vroue en Mans val gewoonlik op die eerste Vrydag en Saterdag van Maart. Weens die Lydenstyd-preekreeks in ons gemeente, stel ons die viering van die twee dae uit tot **Sondag, 19 April.** Ons hou egter by die tema van die dag, *"Staan op! Neem jou slaapmat en loop"*. Die tema is vanjaar deur Christene in Zimbabwe saamgestel. **Ds Karin Steyn,** 'n vorige jeugwerker van ons gemeente, gaan die tema in ons gemeente aanbied. Ons vier dié dag dan ook as 'n *biddag vir mans, vroue en kinders*, en glo dat ons gebede, saam met die van duisende ander Christene, Openbaring se goue bak vol wierook - die gebede van die gelowiges - sal vul.

Hier is 'n dringende boodskap net om jou te herinner aan

MATHYS ROETS

se besoek aan Meyerspark!

Kom luister na sy bekende lied *"in my lewe"* as hy dit self vir ons kom sing

En as hy vir ons vertel van sy lewe:

"gebonde - nie gebroke"

Jy en jou gesin, familie en vriende word vriendelik uitgenooi om deel te wees van nog 'n heerlike kuier geleentheid aangebied deur die Vrouebedieninge

DV SATERDAG 7 MAART om 09:00 vir 09:30 in die Kerksaal

Die prys van die kaartjies is **R100** per persoon. Beskikbaar by Vrouebediening bestuurslede en die kerkkantoor

Nog Een Keer

Die wêreld beleef tans groot natuurrampe en siektes wat epidemiese skaal aanneem. In Haggai 2:6 sê die Here: *"Nog een keer, binnekort, sal Ek hemel en aarde, see en land laat bewe."* Hebreërs 12 haal hierdie teks aan en bring dit in verband met die eindtyd. Die gebedsriglyne vir Dinsdagaand se gebedsbyeenkoms fokus op ons ingesteldheid en optrede in hierdie tyd waar "hemel en aarde, see en land bewe."

Die gebedsriglyne is beskikbaar op die inligtingstoonbanke.

Die gebedsbyeenkoms vind plaas in ons kerk vanaf **18:30 tot 20:00** op **Dinsdag 18 Februarie**.

Almal is baie welkom om dit by te woon. Kleingroepe kan kom deelneem in die plek van hulle gewone byeenkoms.

Pragtige kinderboeke in Mediasentrum

Die Mediasentrum in die sysaal spog met pragtige kinderboeke in Afrikaans en Engels.

Princesses, Pirates and Cowboys is 'n versameling van drie stories:
Who Wants to be a Pirate?
The Fairest Town in the West
Princess Petunia's Sweet Apple Pie
Dit is gebaseer op die bekende kindervideoreeks *VeggieTales*. Hierdie selflees- of voorlees-boek leer groot en klein hoe om soos 'n Christen te leef.

Noag se ark: soek, vind, ontdek is 'n hardebladboek wat Noag se verhaal op 'n speelse manier aan klein kinders voorstel. Terwyl ma of pa of 'n boetie of sussie voorlees, kan die kindjie begin soek na al die voorwerpe wat in die illustrasie "wegkruip". 'n Pragtige boek!

Kom kyk gerus na die Mediasentrum se versameling boeke, CD's en DVD's vir volwassenes en kinders in die sysaal. Ons is elke Sondag (behalwe skoolvakansies) oop van **10:00-11:00.**

#Imagine Kamp

Knoop **27 tot 29 Maart** in jou oor. Dit is die naweek van die #Imagine Experience kamp! Hierdie kamp is begin deur NG dominees wat 'n leemte gesien het in tienerbediening en het uitgekring tot 'n landswye interkerklike kamp.

Hier sluit tieners en jeugleiers aan by 'n dinamiese program wat bestaan uit wonderlike geleenthede vir geestelike groei, motiveringspraatjies, onvergeetlike aanbiddings, multimedia-aanbiedings, werkswinkels, groepsbesprekings, berading, viering gemeenskap, en lekker aktiwiteite. Kom leer, lag en ervaar Christenskap soos nog nooit tevore nie! #Imagine Experience motiveer ook jongmense om betrokke te wees by gemeenskapsaktiwiteite waarmee plaaslike organisasies en kerke sal voortgaan.

Meer inligting sal volg soos dit bekend gemaak word.

Sondag 23 Februarie : Via Dolorosa

Ons begin Sondag, die 23ste met ons eerste Via Dolorosa diens. Die tema vir hierdie diens is: *"Kyk, jou Koning kom, en Hy ry op 'n donkie."* Vir hierdie diens gaan ons palmtakke en kledingstukke benodig om iets uit te beeld van Jesus se intog in Jerusalem. Daarom wil ons vra as enige iemand ons kan help met palmtakke of ou klere, bring dit asb gedurende die week kerkkantoor toe of bring dit Sondag saam kerk toe. Die ou klere sal na die diens geskenk word aan liefdadigheid.
Vir navrae kontak **Wihan Rossouw 073 489 1414**

Heerlike vars gebakte skonsies/ muffins

Heerlike vars skonsies/muffins. Lekker vir peuselhappie of kosblik verrassing. **R40** per dosyn.
Skakel **Anke 081 276 7612**